kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Verwondheid en Identiteit

Skriflesing: : Johannes 20:19-31

Broodjies vir die pad

"The wound is the place where the Light enters you."
— Rumi

"Man's maker was made man that He, Ruler of the stars, might nurse at His mother's breast; that the Bread might hunger, the Fountain thirst, the Light sleep, the Way be tired on its journey; that Truth might be accused of false witnesses, the Teacher be beaten with whips, the Foundation be suspended on wood; that Strength might grow weak; that the Healer might be wounded; that Life might die."
— Saint Augustine of Hippo

VIRRIE JIRRE

Psalm 115

Nie vi onsie, Jirre, nie vi onsie,
ma vi u se genade en u se trou,
sal ons u Naam op onse lippe hou!

Nou kom vra die nasies: Wa bly dié Jirre van jou?
Hy woon innie jimmel, en Hy doen wat Hy wil!

Jille se gotte is klip en klei yt mensehanne yt gebrei:

Hille't monde, ma hille pratie; hille't oge, ma hille sienie.
Hille se ore kannie horie, en hille se nese willie rykie.
Hille se voete loop lam en hille se handjies raak rond –
en klei-kele dié kan mossie klinkie!

Jille wat goejoppe maak, jille gat self ok skynheilag raak.

Mens-goed vannie dyne, vetrou oppie Jirre,
Hy's jille se pyl en Hy's jille se boog!
Jille wattie Jirre vrees, vetrou oppie Jirre,
jille se pyl en jille se boog!

Die Jirre het ons geonthou, en Hy't ons gekom seën.
Ons wat Hom vrees, ons sal geseënd wees.
Hy sal ons meerderder maak, ons en onse kinnerse.

Dis nou dieselle God dié wattie jimmel ennie aarde
in Hom heilage hanne hou.
Die jimmel is virrie Jirre ennie aarde issie mense s'n.

Asems wat kla gevetrek het, kannie van God getygie,
ma ons wat nog lewe, ons, ons moet Hom lowe! Etse!

Hans du Plessis / 18 Januarie 2015

https://versindaba.co.za/2015/01/19/hans-du-plessis-virrie-jirre-psalm-115/

"A favorite concept of mine comes from Henri Nouwen's book The Wounded Healer. The premise of the book is that as we travel life's journey from childhood to adulthood we acquire wounds along the way. A wound can be any unresolved social, emotional, relational issue that still impacts our lives. These wounds can be inflicted by negative cultural messages or experiences with parents, peers, or adults with power and authority over us. Unresolved, these wounds can leave us with a sense of deficiency or inferiority. We can let unhealed wounds drive us and risk hurting our players through endless self-serving transactions, or we can heal ourselves and then help heal our players. Nouwen says we have two choices: Either we deny, repress, or dissociate from the wounding and therefore wound others with our unhealed injuries, or we bring healing to our wounds and offer our healed wounds to others to heal and transform their lives. I am a wounded healer and this is the story of my wounds, their healing, and the transformation in coaching that ensued because I chose to process and grieve over my pain instead of hiding it and acting it out."
— Joe Ehrmann, insideout coaching

"Children show scars like medals. Lovers use them as a secrets to reveal. A scar is what happens when the word is made flesh."
— Leonard Cohen, The Favorite Game

Paasboodskap van hoop weerklink in dié bekende lied

RRV

'We shall overcome." In die tyd van die korona-pandemie word dié woorde dikwels uitgespreek – in die toesprake van presidente en in die preke van geestelikes. Dit is te verstane, want die woorde resoneer immers met die diep behoefte dat die virus oorwin sal word, dat ons in hierdie vreemde en onseker tyd sal seëvier.

"We shall overcome" roep ook die bekende gelyknamige gospellied in herinnering – 'n lied wat ook in die Amerikaanse burgerregte-beweging as proteslied gesing is. Sedertdien het dit

wêreldwyd, ook in Suid-Afrika, dikwels ten tye van ervarings van beproewing, onreg en uitsigloosheid weerklink.

Die lied het 'n interessante ontwikkelingsgeskiedenis, wat volgens sommige terugstrek na die lirieke van die gesang "I'll Overcome Some Day" (in 1900 gepubliseer). Die oorsprong van die melodie word ook soms teruggevoer na tabakfabriek-werkers (meestal vroue) wat dit gesing het terwyl hulle vir regverdige lone gestaak het.

Die lied het egter veral bekend geword nadat die Amerikaanse folk-sanger en aktivis Pete Seeger dit gehoor en verwerk het, met as openingswoorde: "We shall overcome / We shall overcome / We shall overcome, some day / Oh, deep in my heart / I do believe / We shall overcome, some day."

Dit is deur die jare roerend vertolk deur kunstenaars soos Mahalia Jackson, Joan Baez, Roger Waters en Bruce Springsteen. Vroeër vandeesweek het Springsteen juis vanuit afsondering aan 'n radioprogram deelgeneem waarvoor hy 17 liedjies gekies het as "musiek vir moeilike tye", insluitende Bob Dylan se "Beyond Here Lies Nothing," John Prine (wat onlangs weens Covid-19 gesterf het) se "Angel From Montgomery," en dan ook een van sy eie weergawes van Seeger se "We Shall Overcome."

In hierdie dae kan die woorde inderdaad as versterkend, belofteryk en hoopgewend gehoor word. Dit kan natuurlik ook goedkoop klink as dit nie met die realiteit van pyn, vrees en dood rekening hou nie. Net soos die uitspraak "Christus het opgestaan" – waarmee Christene mekaar môre op Paassondag groet – krag en betekenis ontleen aan die feit dat dit nie los staan van die kruisiging (Goeie Vrydag) en die graf (Heilig Saterdag) nie.

Paasfees se boodskap van hoop is verder ten nouste verbind aan die versugting en verbintenis midde-in moeilike en uitdagende tye om te leef in liefde en vrede, en met moed.

Wat herinner aan die laaste versreëls van ander strofes van "We Shall Overcome": "We'll walk hand in hand, some day", "We shall live in peace, some day" en "We are not afraid, today".

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/paasboodskap-van-hoop-weerklink-in-die-bekende-lied-20200410

"Nobody escapes being wounded. We are all wounded people, whether physically, emotionally, mentally, or spiritually. The main question is not 'How can we hide our wounds?' so we don't have to be embarrassed but 'How can we put our roundedness in the service of others?' When our wounds cease to be a source of shame and become a source of healing, we have become wounded healers."
— Henri Nouwen

"In a futile attempt to erase our past, we deprive the community of our healing gift. If we conceal our wounds out of fear and shame, our inner darkness can neither be illuminated nor become a light for others."
— Brennan Manning, Abba's Child: The Cry of the Heart for Intimate Belonging

Brood vir die pad

Pappie bly vir hoeveel dae nou al in sy kamer

Dana Snyman

"Hoe gaan dit met Oupa vamôre?" Hy sukkel om haar deur die masker te hoor. "Het Oupa goed geslaap? Suster sê Oupa het darem goed geëet gistraand." Hulle praat mos met jou of jy 'n kind is in hierdie oumensplek. Hulle weet nie wie hy was nie. Hy was meer as net daardie naam daar agter Matrone op die deur.

In sy jare in die bank was daar ook so 'n bordjie op sy kantoordeur met sy naam op. Niemand sou tóé sommer net twee keer klop en instap soos Matrone en Suster nie. Hulle moes 'n afspraak maak om hom te sien.

Die hoeveelste dag is dit nou al wat hulle so in die kamer moet bly oor hierdie virus wat oral is? Hy weet nie meer nie. Hulle het netnou weer oor die draadloos gesê van almal wat al oorkant toe is. Derduisende. In Amerika. Spanje. Daai plekke. Ook 'n dokter in Bloemfontein.

"Hoor Oupa darem van Oupa se kinders?" Hy wens Matrone wil harder praat. Sy kinders . . . Moet hy haar van sy dogter in Engeland vertel – die een met die twee kleintjies wat net Engels praat? Hy het sy dogter laas op haar ma se begrafnis gesien. In Mei sal dit vyf jaar wees. Sy bel darem nog. Sorg net dat Pappie in Pappie se kamer bly, sê sy dan.

Pappie bly in Pappie se kamer vir hoeveel dae nou al. Pappie staan soggens op, Pappie was hom, Pappie trek die bed reg en kom sit hier op die stoel. Gelukkig het hy darem die draadloos.

Elfuur se kant drink hy 'n pil en loop lê dan weer. Die hele dag is hy tussen die bed en die badkamer en die stoel, met hierdie vervlakste heup van hom.

In die siekeboeg is glo vannag 'n vrou weg anderkant toe. Hulle weet nog nie of dit die virus was nie. Hy dink dis die maeretjie met die een kruk wat altyd so 'n rooi mussie gedra het.

Hy mis die klomp in die eetsaal. Al die praatjies. Die stemme. Een wat aan jou vat. Nou bring hulle jou kos hiernatoe. Die TV-kamer is ook uit. Die ding versprei glo vinnig.

Laasnag het hy gedroom van Smellie, sy hondjie van kleintyd. Ou Smellie spring in sy arms en lek en lek hom deur die gesig. Eintlik was dit 'n gaafste droom in jare.

"Hou lyk Oupa so ingedagte vanmôre?" Hy wens Matrone wil naderkom. Net aan sy gesig, sy hoef net aan sy gesig te raak. Sy kan net voor hom kom staan en haar hande uitsteek en op sy wange sit. Hy wil die hitte in haar hande voel, en haar ruik.

"Maar Oupa lyk vir my heel orraait. Suster sê Oupa se koors is normaal." Hy mis die reuk van mense. "Oupa moet 'n mooi daggie hê, hoor." Dan is Matrone weer weg.

Miskien moet hy sommer nou al sy pil drink en terugklim in die bed. Die draadloos sê dit gaan net 19 word vandag. Die winter kom nou vinnig nader.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/pappie-bly-vir-hoeveel-dae-nou-al-in-sy-kamer-20200410

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

Seën

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877